

V-POS

Veegesondheid en Produksie Nuusbrief

Winter 2010

Hierdie nuusbrief bevat belangrike inligting direk vanaf u veearts, in belang van veegesondheid en produksie op 'n streeks en nasionale basis.

Hierdie eerste nuusbrief het ontstaan uit die noodsaaklikheid om beter kommunikasie te vestig tussen die veearts en sy kliënt, die veeboer. Die doelwit is om veeboere in te lig omtrent heersende siektes en die beste oplossings in die beheer daarvan.

In hierdie uitgawe

- Die voorkoms van Slenkdalkoors
- Die siekte ontwikkelingsproses
- Siktewaarneming en rapportering
- Opstel van 'n inentingsprogram
- Geïdentifiseerde siekteprobleme


Die voorkoms van Slenkdalkoors

Slenkdalkoors het gedurende die jaar aanleiding gegee tot baie groot veeverliese en vrektes.

Wat van verdere belang was is dat die siekte ook oorgedra is na mense wat in kontak was met die siek of dooie dier.

Talle boere, werkers, jagters en veeartse is aangetas wat geleidelik het tot sterftes in sekere gevalle.

Die grootste tragedie is dat die siekte uitbreek voorkom kon word, indien die dier voorkomend ingeënt was.



Veeartse het 'n belangrike les uit hierdie uitbreek van Slenkdalkoors geleer. Dit was duidelik dat daar 'n direkte kommunikasie kanaal geskep moet word tussen die plaaslike veearts en die veeprodusente en dat gereelde kommunikasie moet plaasvind. Die meer as 300 veeartse wat werksaam is op die platteland het direkte kontak met ongeveer 40 000 veeboere aan wie hulle dieregesondheidsdienste lewer. Die doel van hierdie nuusbrief is om 'n bydrae te lewer ten einde die kommunikasie kanaal te ontwikkel.

Met die aanloop na die Slenkdalkoors uitbreek gedurende hierdie jaar was dit ook duidelik dat daar 'n groot verskil is in hoe veeprodusente reageer op 'n siekte waarskuwing. Dit was duidelik dat die beter veeprodusente vinnig reageer omdat hulle reeds 'n siekte voorkomings-program in plek het. Die res van die produsente reageer eers wanneer die siekte reeds toegeslaan het. Dit het veeartse, wat reeds goeie kommunikasie met veeprodusente het, drie jaar geneem om alle produsente sover te kry dat 'n hele gebied ingeënt is.

Wanneer 'n siektevoorkomingsbenadering gevolg word, is dit belangrik om die basiese beginsels van siekte voorkoming te verstaan en toe te pas. Basiese beginsels van siektevoorkoming word in die volgende afdeling verder verduidelik.


'n Siekte voorkomende strategie is afhanklik daarvan dat die veeboer 'n begrip het van siekte ontwikkeling, vroeë siekte tekens en die rapportering daarvan, 'n toepaslike entingsprogram in plek het en bewus is van ander siekte uitdagings wat die spesifieke plaas of veebedryf in die gesig staar.

Die siekte ontwikkelingsproses

Wanneer 'n dier geïnfekteer word, is daar twee prosesse wat gelyktydig plaasvind. Hieronder word Knopvelsiekte (virussiekte) as 'n voorbeeld gebruik om die twee prosesse te verduidelik.

Skade veroorsaak deur die siekteveroor sakende organisme

Die virus word oorgedra deur 'n bytende insek. Die virus gaan na die teikenselle (vel en slymvliese in die geval) en begin vermenigvuldig binne in die aangetaste selle. In die proses word teikenselle vernietig en die virus versprei na gesonde selle om verder te vermenigvuldig.



Ontwikkeling van immuniteit teen die siekteveroor sakende organisme

Sodra die virus die liggaam binnekom word dit deur groot witbloedselle geïdentifiseer as 'n vreemde liggaam (antigeen). Die virus word nou deur die groot witbloedselle opgeneem en opgebreek in stukkies. Die brokstukke word dan op die oppervlak van die groot witbloedselle vertoon.


In die geval van Knopvelsiekte vind die proses vir ongeveer 2 weke plaas voordat daar genoegsame virusse is om sigbare siekte tekens te veroorsaak.

Die dier is nou sigbaar siek met letsels oor die hele vel asook letsels wat nie sigbaar is nie in die slymvliese.

Kleiner witbloedselle (limfositete) lees dan die kode op die brokstukke en word hierdeur geaktiveer. Hulle verdeel en vorm teenliggaampies teen die spesifieke virus, witbloedselle wat geïnfekteerde liggaamselle vernietig en ook geheue selle. **Die proses neem ongeveer 2 weke.**


Die probleem is dat die immuunsisteem die siekteveroor sakende organismes begin vernietig wanneer die skade reeds plaasgevind het. In die gevalle waar die siekteveroor sakende organismes vinniger verdeel soos met Slenkdalkoors of Sponssiekte sal skade en vrektes reeds voorkom nog voordat immuniteit teen die spesifieke siekte ontwikkel het.

Wat word bereik met die inenting van vee



Die dier word ingeënt met 'n virus stam wat verswak is. As dit 'n lewendige entstof soos Knopvlsiekte is verdeel die virus wel maar veroorsaak minimale skade. Die immuunsisteem word geaktiveer en binne twee weke is daar weerstand teen die spesifieke siekte. Mettertyd sal die aktiewe immuniteit vervaag maar daar sal steeds geheueselle oorbly wat die virus dadelik kan herken sodra dit die liggaam in die toekoms binnedring.

Blootstelling van 'n dier wat ingeënt is aan die spesifieke siekteveroor sakende organisme



Wanneer 'n dier wat teen Knopvel ingeënt is weer blootgestel word deur 'n insekbyt sal die geheueselle dadelik die virus herken en teenliggaampies vorm. Die virusse sal binne enkele dae opgespoor word en vernietig word voordat daar skade kan plaasvind. Die aktiewe immuniteit sal nou ook voortduur vir die res van die seisoen wanneer daar 'n hoë vlak van blootstelling is.

Die groot uitdaging

Elke siekte veroorsaakende organisme verskil ten opsigte van die periode waarvoor die siekte ontwikkel nadat die dier daaraan blootgestel is. Sekere organismes kan begin verdeel en vermeerder sonder dat dit die immuunsisteem aktiveer. Ander kan vir maande binne die liggaam voorkom sonder om te begin verdeel. Spesifieke omstandighede (soos dragtigheid) sal dan aanleiding gee tot die verdeling van die organismes en die skade wat dit veroorsaak.

Siektes wat net voorkom of beheer kan word deur inenting

- Siektes wat so vinnig ontwikkel dat die behandeling daarteen gewoonlik te laat is soos sponsiekte
- Siektes wat deur virusse veroorsaak word en waarteen daar geen behandeling is nie
- Siektes wat produksie- of reproduksieverliese veroorsaak en ook nie beheer kan word deur behandeling nie

Siekte waarneming en rapportering

Ten einde 'n beter oorsig te kry van siektes wat op plaasvlak voor kom, is 'n nuwe projek gedurende Aprilmaand geloods waardeur veeartse elke maand die belangrikste oorsake van siektes, vrektes en produksieverliese in hulle praktyk area aanteken en instuur.

Die inligting word sentraal verwerk en die veeartse kry dan 'n maandverslag van al die waarnemings. Hierdie siekte rapportering is bykomend tot die siekte rapportering wat deur staatsveeartse gedoen word en fokus meer op siektes en probleme wat op plaasvlak van belang is.

Plattelandse veeartse is voltyds besig met die hantering van noodgevalle en kuddebesoeke. Hierdie oorsig van siektes wat op streeks of op 'n nasionale basis voorkom bied nou aan veeartse die geleentheid om ook 'n beter voorkomende veegesondheidsdiens te lewer.

TENDENSE WAT REEDS GEÏDENTIFISEER IS:

- **Tekort aan spesifieke entstowwe (Rooiwater, Vuilbek en Ensoötiese Aborsie)**
- **Uitbreiding van siektes na areas waar dit nie voorheen voorgekom het nie (Hartwater, Rooi water, Dikkopspionssiekte en Johne se siekte)**
- **Basiese siektes wat nog voor kom omdat daar nie gereeld geënt word nie (bloednier)**
- **Voedingsverwante siektes as gevolg van droogtevoeding (suurpens) waarvoor daar nou 'n nuwe voorkomende behandeling beskikbaar is.**
- **Verhoogde risiko van siektes wat vanaf wild na vee oorgedra kan word (Korridorsiekte)**

Opstel van 'n "toepaslike" inentingsprogram

Die belangrikste diens wat die veearts aan veeprodusente kan verskaf ten einde siektes te voorkom, is die hulp met die opstel van 'n entingsplan vir elke individuele plaas.

Hiervoor beskik die veearts oor die wetenskaplike kennis van al die moontlike siektes asook die verskillende entstowwe wat gebruik kan word.

Dit is noodsaaklik dat veeboere 'n afspraak maak met hulle plaaslike veearts vir die opstel van so 'n entingsplan.

So 'n afspraak duur vir ongeveer een uur en behels die volgende:

1. **Kort opsomming van die risikofaktore wat aanleiding kan gee tot siektes op die spesifieke plaas**
2. **Opsomming van siektes wat reeds voor kom of waarteen reeds voorkomend ingeënt word**
3. **Identifisering van ander siektes wat op streeks of nasionale vlak voor kom wat wel 'n bedreiging inhou vir die plaas**
4. **Opstel van 'n inentingsplan volgens die produksiesiklus vir elke ouderdomsgroep (benodig veegetalle per ouderdomsgroep vir hierdie beplanning)**
5. **Voorsiening van die korrekte en doeltreffende entstowwe**

Seisoenale bestelling

Inenting is 'n bestuursaksie wat op 'n beplande basis moet geskied en daarom is dit belangrik vir die veearts om veeprodusente op 'n seisoenale basis te herhinner aan die entings wat gedoen moet word.

Dit is net moontlik indien die veearts hulp verleen het met die opstel van die entingsplan. In die geval neem die veearts dan die verantwoordelikheid om die veeboer op 'n gereelde basis te herhinner aan watter entstowwe bestel moet word.

Behou die koue ketting

Anders as meeste ander veemiddels, is entstowwe baie sensitief en kan die doeltreffendheid van die entstof verlore gaan indien die koue ketting nie behou word nie.

Daarom is dit altyd raadsaam om entstowwe deur die veearts te bestel omdat daar noukeurig gelet word op die behoud van die koue ketting

Vroeë siekte waarskuwing

Indien die veearts die entingsplan vir 'n plaas saamstel en seisoenale bestellings hanteer, kan die veeboer ook daarop staatmaak dat vroeë siektewaarskuwings deurgegee sal word sodra dit van belang is.

Hierdie diens is van onskatbare waarde vir die veeboer en kan slegs effektief gelewer word deur veeartse wat op hoogte is van siektetendense op streeks en nasionale basis.

Geïdentifiseerde siekteprobleme

Rooiwater

Die belangrikste siekteprobleem wat gedurende die vorige herfs op 'n nasionale basis gerapporteer was, is Rooiwater.

Hierdie siekte in beeste en veral Asiatiese Rooiwater veroorsaak tans die meeste vrektes en produksieverliese van alle siektes in die herfs.

Daar is tans nie 'n eenvormige benadering in die bestuur of voorkoming van die siekte nie.

Die Veegesondheid en Produksiegroep het dan ook tydens die laaste vergadering 'n besluit geneem dat daar 'n paneel van kenners bymekaar gebring gaan word om die toedrag van sake te ondersoek.

Eenvormige beginsels vir die voorkoming of hantering van die siekte sal opgestel word en aan veeartse deurgegee word gedurende die volgende kongres.

Die inligting sal dan ook na veeprodusente deurgegee word in die nuusbrieff of tydens boere inligtingsessies wat spesifiek vir die doel gereël sal word.

Slenkdalkoors

As ons terugkyk na die veegesondheidsverslae van 1975 en 1976 is dit hoogs waarskynlik dat ons dieselfde tendens kan verwag. Na die erge uitbreek van Slenkdalkoors gedurende 1975 is daar ook nog groot getalle diere aangetas gedurende die opvolgende reënseisoen in 1976.

Die siekte word van een nat seisoen na die volgende oorgedra deur die eiers wat geproduseer is deur muskiete wat op siek diere gevoed het.

Daar kan dus verwag word dat vatbare vee of kuddes wat blootgestel word weer sal aanleiding gee tot uitbreke van Slenkdalkoors gedurende 2011. (Raadpleeg jou plaaslike veearts oor voorkomende inenting.)

Omdat die lewendige Slenkdalkoors entstof nie geregistreer is vir die gebruik in dragtige diere nie, is daar nou voortgegaan met die ontwikkeling van die nuwe entstof (kloon 13) wat deur die Pasteur Instituut in Frankryk ontwikkel is en vir dragtige diere gespuut kan word. Die entstof is nog nie in die mark beskikbaar gestel nie. Veeprodusente sal ingelig word sodra die entstof beskikbaar is.



Hierdie nuusbrieff is saamgestel deur Dr Danie Odendaal en aan u gebring deur die Veegesondheid en Produksiegroep van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging

Alle inligting hierin vervat is vir algemene kennisname.

Spesifieke toepassing van die inligting vervat in die nuusbrieff kan net op aanbeveling van u plaaslike veearts geskied wat op hoogte is van die omstandighede in die streek en op u spesifieke plaas.



Kontak inligting van Veegesondheid en Produksie Groep kantoor

Tel: 012 346 1590

vetlink@mweb.co.za

Posbus 232, Groenkloof, 0027



KOPIEREG:

Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gekopieer of gedruk word sonder die geskrewe toestemming van die uitgewer nie